sowat 3 vm. tot 8 nm. Op die 27e het ons hom weer ondervra.

„Hy kon geen inligting verskaf oor die drie Blankes nie. Hy het egter openlik erken dat hy 'n lid van die Kommunistiese Party is," het die kaptein gesê.

Volgens hom het Timol ook by meer as een geleentheid die vrees uitgespreek dat hy seker vir 20 of 25 jaar tronk toe sal gaan.

Op 27 Oktober om sowat 3.30 nm. het sers. Rodriques vir hul le koffie gebring. Timol het by 'n tafel gesit en het heeltemal op sy gemak gelyk. Om 3.50 nm. het 'n lid van die Mag die kantoor binnegekom en gesê dat hy nou weet wie Quentin, Martin en Henry is.

Inligting

„Ons drie het toe uit die kantoor gestap om die inligting te kontroleer. Sers. Rodriques is gevra om te bly en hy het agter die tafel plaasgeneem toe die ander drie manne die kantoor verlaat", het kapt. Van Niekerk gesê.

Etlike oomblikke later is die kaptein meegedeel dat Timol by die venster uitgespring het. Hy het hom teruggehaas en by die venster van die kantoor uitgekyk.

Hy is toe dadelik onder toe om te gaan kyk of Timol nog leef. Toe hy daar kom, het Timol op sy gesig gelê met sy regterskoen langs hom.

„Ek dink hy het dit gedoen net om die tafel, waaragter hy gesit het, gekom terwyl Timol by die ander hoek van die tafel was.

„Hierna het Timol skielik opgespring en na die venster gehardloop. Hy het dit oopgemaak en uitgespring. Sers. Rodriques het gesê dat hy eers aan die linkerkant wou omspring. Hy het toe egter regs om gegaan en was te laat om Timol te keer," het kapt. Van Niekerk gesê.

In dié stadium het mnr. Bizos dit aan kapt. Van Niekerk gestel dat sy weergawe van wat sers. Rodriquez gesê het, verskil van die weergawe wat genl. Buys op 30 Oktober aan die Sondag koerant, RAPPORT, gemaak het. Mnr. Bizos het die stuk voorgelees.

Berig

Kapt. Van Niekerk het egter gesê dat hy nie kan onthou dat hy dié Rapport gelees het nie.

Mnr. Bizos: „As jy dit sou gelees het, sou jy gedink het dat die koerant se berig foutief is?"

Kapt. Van Niekerk: „My houding sou gewees het dat dit maar net nog 'n koerantberig was."

Kapt. Van Niekerk het in verdere kruisverhoor ontken dat Timol deur die nag ondervra is.

Timol is in die aand na ure deur twee lede van die Mag in die ondervragingskamer opgepas. Daar is verskeie redes waarom hulle hom daar moes hou en nie in 'n sel nie. „Maar die besluit berus nie by my nie — dit kom van hoër gesag." het kapt. van Niekerk gesê.

Mnr. Bizos het die hierna aan kapt. Van Niekerk gestel dat hulle gaan bewys dat dit op dié manier gedoen word sodat weet wie Quentin, Martin en Henry is."

„Ek het vir 'n oomblik na Timol gekyk. Ek het gesien dat hy geskok is. Sy oë was effens groter en hy het 'n trek op die gesig gehad. Hy het na my en kapt. Gloy gekyk en het daarna sy kop laat sak sonder om 'n woord te sê," het kapt. Van Niekerk gesê.

Die ondersoek duur voort.



ADV. GEORGE